# BEGROTING 2026

## ORANIA AANDELEBLOK (RF) (EDMS.) BPK. EN FILIALE



# Uit die pen van die Uitvoerende Hoof

Geagte mede-Oraniërs,

**‘n Volgende seisoen**

Soos u weet, bevind ons ons in ’n ekonomiese seisoen wat anders lyk as dié waaraan ons die afgelope paar jaar gewoond geraak het. Groeikoerse taan wêreldwyd en die effek daarvan word ook in Orania gevoel.

Netwerk24 berig byvoorbeeld op 24 November 2025 onder andere as volg: “Die reële waarde van goedgekeurde bouplanne in KwaZulu-Natal, Gauteng en die Wes-Kaap het die afgelope vier jaar met onderskeidelik 71%, 69% en 59% afgeneem, en vaste kapitaalvorming is nou 17% laer as wat dit in 2015 was.”

Daar waar ons in Orania vir 2025 ’n reële groei van 3% op die algemene heffing begroot het, het ons 2.33% gerealiseer; derhalwe begroot ons vir 2026 ’n reële groei van 2.04%.

In 2025 sóver is 120 bouplanne goedgekeur; dit neem ons terug tot 2021-vlakke en reflekteer die hoeveelheid ontwikkeling wat in 2026 verwag kan word. Waar ontwikkelaars in vorige jare ’n stewige projekpyplyn gehad het, sien ons tans beduidend minder nuwe ontwikkelinge geskeduleer vir 2026. Dit plaas natuurlik druk op Orania Infrastruktuur, ons volfiliaal wat grootliks afhanklik is van ’n konstante stroom projekte om ekonomiese momentum te handhaaf.

Hoewel dit die werklikheid is waarin ons ons bevind, wil ons tog die volgende uitlig: Ons merk reeds tekens dat die verhandeling van eiendomme weer begin toeneem – ’n vroeë sein dat die mark besig is om asem te skep en voorberei op ’n fase van herstel.

**Konserwatiewe benadering tot 2026 begroting**

As gevolg van die situasie wat hierbo beskryf word, was ons genoodsaak om ’n baie konserwatiewe inslag te volg met die opstel van volgende jaar se begroting. Daar word byvoorbeeld beduidend gesny aan personeelonkostes, projekte en grootskaalse infrastruktuur-ontwikkelings.

Die fokus gaan wees op dienslewering asook die instandhouding en verbetering van bestaande terreine en infrastruktuur, so, die gemiddelde Oraniër behoort, ironies genoeg, hierdie konserwatiewer begroting as ‘n verbetering in die Dorpsraad se dag-tot-dag dienslewering te ervaar.

Vervolgens word meer inligting gegee oor die beplande verandering in verskillende aspekte van die begroting.

**Personeel**

Gedurende 2026 sal geen nuwe aanstellings binne die OAB-groep gemaak word nie. Ons personeelkorps funksioneer tans optimaal vir die hoeveelheid projekte wat vir 2026 geskeduleer is.

Vir 2026 kry alle personeel 'n 4% basiese verhoging in salaris. Daardie personeel wat merietebeoordelings gekry het, sal – afhangende van die spesifieke omstandighede – ietwat hoër verhogings kry, terwyl geen bonusse aan personeel betaal sal word nie.

**Openbare ruimtes en geboue**

Gedurende 2026 sal Gemeenskapsdienste primêr daarop fokus om die openbare ruimtes op 'n hoër estetiese vlak te kry en dit ook voor te berei om toekomstige instandhouding te vergemaklik. Derhalwe is die projekte waarop Gemeenskapsdienste in 2026 gaan fokus, aansienlik afgeskaal na opgraderings by die sportterrein ten bedrae van Φ20k, terwyl die volgende fase van die teël van die swembad sal voortgaan.

**Infrastruktuur**

Vanweë die heelwat minder pyplyn-projekte wat vir 2026 geskeduleer is, sal Ingenieursdienste ook primêr op instandhouding fokus. Die enkele grootmaat infrastruktuur projekte wat in 2026 deur Ingenieursdienste beplan word, sluit in:

| | |
|---|---|
| Hoogspanningslyn na oksidasiedamme | Ф1m |
| Oksidasiedamme slikbeddings | Ф408k |
| Opgradering van hoofpompstasie | Ф512k |

**Veiligheid**

Gedurende 2026 sal OVD verdere moniterings- asook ondersoekdienste aan boereverenigings bied, wat met die gebruik van AI-tegnologie in ons beheerkamer gepaard gaan. Kapitale spandering vir 2026 beloop gevolglik Ф124k vir die opgradering van die bediener in ons beheerkamer.

**Regspleging**

Gedurende 2025 het Orania Regsraad – die onafhanklike liggaam wat toesig hou oor die werksaamhede van Orania Regspleging – 'n gewysigde dissiplinêre kode aanvaar, aan die hand waarvan beskuldigdes voortaan van professionele regsverteenwoordiging gebruik kan maak indien hulle so sou verkies. Sou die beskuldigde hierdie opsie uitoefen, sal die dissiplinêre paneel wat die verhoor aanhoor, uit 'n besoldigde voorsitter (met regskwalifikasies) en twee assessore (gewone verkose regspaneellede) moet bestaan. Daar is vir 2026 Ф30k begroot vir die dienste van 'n besoldigde voorsitter.

**Maatreëls om ekonomie te stimuleer**

Ons het intussen doelgerigte maatreëls ingestel om eiendomstransaksies aan te moedig en ekonomiese aktiwiteite te stimuleer.

*Eerstens* is die oordragskoste by eiendomstransaksies reeds gedurende 2025 verlaag om eiendomstransaksies meer toeganklik te maak, veral vir jong gesinne en nuwe toetreders tot die mark.

*Tweedens* kondig ons vir 2026 ’n Jubeljaar aan. Dit bied geleentheid vir aandeelhouers om binne familieverband en groepstrukture aandele vir boedel- en belastingbeplanningsdoeleindes teen ’n minimale administrasiefooi (wat tot ’n maksimum van Ф15 000 beperk word) oor te dra.

**Heffings**

Orania Dorpsraad se uitgangspunt met betrekking tot volhoubare groei is een waar ons nie graag ons besteebare inkomste met verhogings in heffings wil finansier nie, maar waar ons die voorwaardes vir groei en ontwikkeling wil skep om ons besteebare inkomste uit reële groei aan te vul.

Ten spyte van ons ingesteldheid van streng finansiële dissipline, is dit egter steeds nodig om die volgende opwaartse aanpassings te maak:

*Dienste heffings*
'n Gemiddelde verhoging van 7% op die algemene en 6% op die dienste heffings (soos bv. varswaterheffing).

*Elektrisiteit*
Voorsiening word gemaak vir 'n Eskom verhoging van 8.76% in April 2026, terwyl die batteryheffing onveranderd sal bly.

*Water*
Orania se watertariewe is steeds buitengewoon laag en dek nie die volledige koste wat met die lewering van hierdie diens verband hou nie. Ons water word derhalwe grootliks nog deur die algemene heffing gesubsidieer. Ons varswatertariewe is vervolgens met 50% verhoog, terwyl ons rouwaterheffing met 22% opwaarts aangepas is. Gegewe die direkte verband tussen pompkoste en die koste van elektrisiteit, is waterverbruikstariewe met inagneming van die geantisipeerde Eskom-verhoging aangepas:

| | |
|---|---|
| Varswaterheffing: Onbemeter | Φ305.71 |
| Varswaterheffing: Bemeter | Φ115.61 |
| Varswater verbruik | |
| 0 - 22.5kl | Φ13.41 / kl |
| >22.5kl - 35kl | Φ14.77 / kl |
| >35kl - 50kl | Φ31.00 / kl |
| >50kl | Φ51.68 / kl |
| Rouwaterheffing: Onbemeter | Φ45.04 |
| Rouwaterheffing: Bemeter | Φ45.04 |
| Rouwater verbruik | Φ2.93 / kl |

**Slotopmerkings**

Ons put diepe vrede uit die wete dat Orania nie aan ons behoort nie, maar aan Jesus Christus – ons Koning, onder wie se heerskappy hierdie projek van groeiende selfbeskikking staan. Omdat Hy ons Koning is, weet ons dat ons hemelse Vader vir ons sorg. Ons word nie geroep om alles vooruit te verstaan nie, maar om gehoorsaam te wees, om kinderlik afhanklik te leef en te vertrou op Sy groter raadsplan waarbinne Orania 'n plek het.

Die seisoen wat voorlê, behoort gesien te word as die Here se hand wat ons nader aan mekaar trek: nader aan gemeenskap, nader aan verantwoordelikheid, nader aan Hom. Hierdie tyd kan die beste of die slegste in ons na vore bring, maar die keuse om te volhard in geloof en om saam te bou, lê by ons.

Ons loop 2026 in hoop tegemoet. Die soewereiniteit van ons Koning en die sorgende hand van ons hemelse Vader bly ons rusplek. Net soos Hy vir Israel manna en kwartels gegee het in die woestyn, so voorsien Hy ook vir Orania op ons reis na 'n bestemming wat Hy reeds ken.

En uiteindelik rus ons op die blye versekering dat ons Messias se liggaam en bloed ons ware brood en wyn is – die volheid waarvan ons eet en drink, sodat ons nooit weer honger of dors sal word nie.

Mattheus 6: 31-34: "*Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*"

Gawie Snyman

Uitvoerende Hoof

# ORANIA DORPSRAAD GEKONSOLIDEERDE INKOMSTE & UITGAWE BEGROTING

| | |
|---|---|
| **ORANIA DORPSRAAD** | |
| **GEKONSOLIDEERDE BEGROTING** | |
| **01 JANUARIE 2026- 31 DESEMBER 2026** | |
| | **2026** |
| Vaste heffings | R 23 245 599 |
| Elektrisiteitverkope | R 17 486 281 |
| Waterverkope | R 2 576 444 |
| Projekinkomste | R 1 513 808 |
| Veiligheidsdienste | R 402 426 |
| Kommersiële veiligheid inkomste | R 194 130 |
| **TOTALE INKOMSTE** | **R 45 418 688** |
| | |
| **KOSTE VAN VERKOPE** | |
| Elektrisiteit en water aankope | R 7 348 065 |
| Projekuitgawes | R 1 437 877 |
| Kommersiële veiligheid uitgawes | R 345 849 |
| **TOTAAL KOSTE VAN VERKOPE** | **R 9 131 791** |
| | |
| **BRUTO WINS/(VERLIES)** | **R 36 286 897** |
| | 80% |
| **ANDER INKOMSTE** | |
| Bydraes ontvang | R 6 130 000 |
| OAB | R 4 022 286 |
| INFRA | R 441 416 |
| OVD | R 83 659 |
| **TOTAAL ANDER INKOMSTE** | **R 10 677 360** |
| | |
| **NETTO INKOMSTE** | **R 46 964 257** |
| | |
| **OPERASIONELE UITGAWES** | |
| OAB | R 22 932 800 |
| INFRA | R 12 419 499 |
| OVD | R 4 208 170 |
| ORASOL | R 6 835 460 |
| **TOTAAL OPERASIONELE UITGAWES** | **R 46 395 930** |
| | |
| **BEDRYFSOORSKOT/(-TEKORT)** | **R 568 328** |
| | |
| **WAARDEVERMINDERING** | R 6 559 550 |
| **BELASTING** | R - |
| **GROOTMAATDIENSTE** | R 500 000 |
| **TOTALE OORSKOT/(TEKORT) NA BELASTING EN WVI** | **R (5 491 222)** |

# ORANIA DORPSRAAD GEKONSOLIDEERDE KAPITALE BEGROTING

| | | |
|---|---|---|
| **ORANIA DORPSRAAD** | | |
| **GEKONSOLIDEERDE KAPITALE BEGROTING** | | |
| **01 JANUARIE 2026- 31 DESEMBER 2026** | | |
| | | 2026 |
| **BESKIKBARE FONDSE** | | **R 2 045 015** |
| | | |
| **ADDISIONELE FONDSE** | | **R 6 500 000** |
| | | |
| **KAPITALE SPANDERING** | | **R (4 254 200)** |
| | | |
| **BELEGGINGS** | | **R (6 000)** |
| | | |
| **LENING AFBETALINGS** | | **R (4 134 003)** |
| | | |
| **NETTO OORSKOT/(TEKORT)** | | **R 150 812** |

# ORANIA AANDELEBLOK (RF) (EDMS.) BPK.

| | HERSIENDE BEGROTING 2025 | GESKAT WERKLIK 2025 | Werklik 2025 vs Begroot 2026 | BEGROTING 2026 |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | |
| Totale heffings | 21 591 933 | 21 647 383 | 7.4% | 23 245 599 |
| Totale dienste | 18 787 877 | 18 323 620 | 9% | 20 062 724 |
| Administratiewedienste en ander inkomste | 4 973 585 | 4 587 888 | -5% | 4 350 250 |
| Bydraes ontvang | 4 920 000 | 4 920 000 | 22% | 6 020 000 |
| | 50 273 394 | 49 478 892 | 8.5% | 53 678 573 |
| **Uitgawes** | | | | |
| Koste van Verkope: Elektrisiteit | 17 766 443 | 16 789 666 | 4% | 17 536 328 |
| Operasionele uitgawes | 33 270 363 | 31 430 826 | 15% | 36 005 174 |
| | 51 036 805 | 48 220 491 | 11% | 53 541 502 |
| **Bedryfswins/(-verlies) vir die jaar voor bela** | **(763 411)** | **1 258 400** | -89% | **137 072** |
| Plus: Administratiewe inkomste filiale | 3 630 935 | 3 630 935 | | 3 630 935 |
| Min: ekstra bydrae aan Infra en OVD | | 3 550 000 | | 3 550 000 |
| Min: Waardevermindering | 610 000 | 565 000 | | 565 000 |
| Min: Belasting | - | - | | - |
| **Wins/(verlies) na admin, belasting en Wvm** | 2 257 524 | 774 335 | | (346 993) |

# ORANIA INFRASTRUKTUUR (EDMS.) BPK.

| | HERSIENDE BEGROTING 2025 | GESKAT WERKLIK 2025 | Verskil % Werklik 2025 vs Begroot 2026 | BEGROTING 2026 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **Inkomste** | | | | |
| **Projekinkomste** | 3 658 880 | 4 436 313 | -65.9% | 1 513 808 |
| OAB bydrae | 4 262 268 | 4 262 268 | 69.0% | 7 204 802 |
| Ander inkomste | 2 333 922 | 2 554 184 | -7.8% | 2 354 039 |
| | 10 255 069 | 11 252 765 | -1.6% | 11 072 650 |
| | | | | |
| **Uitgawes** | | | | |
| **Projekuitgawes** | 3 152 294 | 2 870 441 | -49.9% | 1 437 877 |
| Operasionele uitgawes | 10 377 359 | 10 363 229 | 21.0% | 12 541 677 |
| | | | | |
| | 13 529 653 | 13 233 669 | 5.6% | 13 979 554 |
| | | | | |
| **Bedryfswins/(-verlies) vir die jaar** | (3 274 584) | (1 980 904) | 46.7% | (2 906 904) |
| Min: Administratiewe koste | 3 180 935 | 3 180 935 | | 3 180 935 |
| Min: Waardevermindering | 2 444 550 | 2 444 550 | | 2 444 550 |
| Plus: OAB ekstra bydrae | | 3 100 000 | | 3 100 000 |
| Plus: Grootmaatdienste | 214 725 | 515 968 | | 500 000 |
| **Wins/(verlies) vir die jaar na admin, Wvm en Grootma** | (8 685 343) | (3 710 849) | | (4 932 389) |

# ORANIA VEILIGHEIDSDIENSTE (EDMS.) BPK.

| Bedryfsbegroting | HERSIENDE BEGROTING 2025 | GESKAT WERKLIK 2025 | Werklik 2025 vs. Begroot 2026 | BEGROTING 2026 |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | |
| Veiligheidsdienste | 3 886 479 | R 3 890 012 | 4.9% | 4 080 714 |
| Bydraes ontvang | 80 000 | R 251 294 | -56% | 110 000 |
| Ander inkomste | 110 750 | R 154 285 | -27% | 112 699 |
| | 4 077 229 | R 4 295 591 | 0% | 4 303 413 |
| | | | | |
| **Bedryfsuitgawes** | 4 077 348 | R 4 096 497 | 4% | 4 266 159 |
| | | | | |
| **Bedryfswins/(-verlies) vir die jaar** | (118) | R 199 095 | -81% | 37 254 |
| | | | | |
| **Kommersiële begroting** | | | | |
| | | | | |
| **Kommersiële veiligheid inkomste** | 483 820 | R 411 997 | 2% | 420 094 |
| **Kommersiële veiligheid uitgawes** | 348 410 | R 337 488 | 2% | 345 849 |
| **Bedryfswins/(-verlies) vir die jaar** | 135 411 | R 74 509 | 0% | 74 245 |
| | | | | |
| **Gesamentlike wins/(-verlies) vir die jaar** | 135 292 | R 273 604 | | 111 499 |
| Min: Administrasiekoste OAB | 450 000 | R 450 000 | | 450 000 |
| Plus OAB ekstra bydrae | | R 410 000 | | 450 000 |
| Min: Waardevermindering | 410 000 | R 470 000 | | 450 000 |
| **Wins/(verlies) na admin en Wvm** | (724 708) | (236 396) | 69% | (338 501) |

# ORASOL (EDMS.) BPK.

| | HERSIENDE BEGROTING 2025 | WERKLIK 2025 | Verskil % Werklik 2025 vs. Begroot 2026 | BEGROTING 2026 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **Inkomste** | | | | |
| Elektrisiteitsverkope (OAB) | 6 232 082 | R 6 416 950 | 14.0% | 7 315 295 |
| Heffings (OAB) | 3 186 246 | R 3 207 178 | -5% | 3 058 826 |
| Ander inkomste | 11 092 | R 44 452 | -100% | - |
| | 9 429 420 | R 9 668 580 | 7% | 10 374 121 |
| | | | | |
| **Operasionele uitgawes** | 6 608 575 | R 6 396 517 | 12% | 7 147 460 |
| | | | | |
| **Wins/verlies voor waardevermindering** | 2 820 845 | R 3 272 063 | -1% | 3 226 661 |
| **Waardevermindering** | 2 000 000 | 2 500 000 | | 3 100 000 |
| **Wins/(verlies) na waardevermindering** | **820 845** | **772 063** | **-6%** | **126 661** |